



1

Van die eerste mense tot die eerste nedersettings



Goue krale wat in die provinsie Limpopo gekry is toe koninklike grafte op die Mapungubwe-heuwel, die hoofstad van die vroegste beskawing in Suid-Afrika, opgegrawe is. Sommige krale is gemaak deur druppeltjies smeltgoud in water te laat val, effens met 'n hamertjie plat te slaan en dan 'n gaatjie in die middel te maak. Mapungubwe se koning was in die 13de eeu die heerser van 'n komplekse gemeenskap met klasseverskille en sakrale leiers. Die staat het sy welvaart te danke gehad aan landbou en handel met die Ooskus. Goud, huide en ivoor van Mapungubwe is vir katoenstowwe, glaskrale, porselein en ander ware verruil.

CHRONOLOGIE

200 000 tot 100 000 jaar gelede: Moderne mense ontwikkel in Afrika, onder meer in Suid-Afrika.

80 000 jaar gelede: Taal ontstaan in Afrika; 'n klein groep Afrikane verlaat Oos-Afrika en bevolk die res van die wêreld.

2 000 jaar gelede: Jagter-versamelaars wat as die San bekend staan, verkry vee in die hedendaagse Botswana en begin oor die westelike helfte van Suid-Afrika versprei; hulle noem hulself Khoi-Khoi (of Khoe).

Huidige jaartelling

300: Vroeë Ystertydmense vestig hulle suid van die Limpopo.

400: Vroeë Ystertydmense vestig hulle in KwaZulu-Natal.

600: Vroeë Ystertydmense vestig hulle in die Oos-Kaap.

1200: Mense uit die Middel-Ystertyd bring die koninkryk van Mapungubwe tot stand in wat nou die Limpopoprovinsie is.

1450: Mense uit die Laat Ystertyd versprei oor die suidelike hoëveld.

1652: Die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie vestig 'n verversingspos aan Tafelbaai.

1657: Die Kompanjie stel nege van sy dienaars vry om voltydse boere te word.

1658: Die eerste slaweskop arriveer.

1659-1669: Gewapende botsings tussen Europeërs en Khoi-Khoi oor grond en beeste.

1688: Hugenotevlugtelingen arriveer en vestig hulle hoofsaaklik in Franschhoek.

1701-1703: Die Khoisan loods verbete aanvalle op boere wat die Land van Waveren (die Tulbagh-kom) in beweeg het.

1713: 'n Pokke-epidemie desimeer die suidwestelike Khoi-Khoi.

1715: Kommando's, deur burgers aangevoer en beman, begin om regeringstroeppe op die grens te vervang.

1717: Die regering reik weipermitte buite die gevestigde gebied uit; dit word die basis van die leningsplaasstelsel.

1745: 'n Nuwe drosdy, Swellendam, word ingerig om boere wat tussen die Breederivier en Mosselbaai woon, te bedien.

1774: Die regering wettig die eerste "Algemene Kommando" om nie slegs vee terug te haal en oortreders te straf nie, maar om ook 'n algemene oorlog teen die Khoisan langs die noordelike en noordoostelike grens te voer. In die noordooste is daar twee dekades lank nog geen nedersettings nie.

1750-1789: Die Gqunukhwebe en sekere ander kapteinskappe van die Suid-Nguni beweeg oor die Visrivier na die Zuurveld.

1779-1780: Die Eerste Grensoorlog breek uit ná 'n strooptog deur 'n Boerekommando teen sekere mindere Xhosa-kapteins wes van die Visrivier.

1779-1786: Die Kaapse Patriotbeweging in die Wes-Kaap probeer om beter verteenwoordiging in die regering en meer vrye handel te verkry.

1780: Die regering verklaar die Visrivier eensydig as die grens van die kolonie.

1786: Die grensdistrik Graaff-Reinet word tot stand gebring.

1792-1793: Die Tweede Grensoorlog eindig onbeslis nadat 'n bondgenootskap van Ndlambe, seun van die Xhosa-hoof-

man, en sekere grensboere die Zuurveld-Xhosas aangeval het.

1793-1829: 'n Golf buitelandse sendelinge begin met die aankoms van die Morawiërs, wat die sendingstasie Baviaans-kloof – die latere Genadendal – hervestig het, en die Londense Sendinggenootskap, waarvan die eerste lede in 1799 in die Kaap arriveer het.

1795: Grensboere kom in opstand teen die landdroste van Swellendam en Graaff-Reinet en roep "republieke" uit.

1795-1803: Die Britte neem die Kaap tydelik namens die Nederlandse Stadhouer in besit.

1798: Die eerste moskee aan die Kaap word gebou.

1799: Die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie stort in duie.

1799-1802: Die Derde Grensoorlog lei tot 'n grootskaalse terugtrek van die koloniste in die ooste vanweë 'n koalisie tussen Zuurveld-Xhosa-kapteins en die Khoi-Khoi wat teen die grensboere in opstand kom.

1803-1806: Die Kaap word onder Nederlandse bestuur teruggeplaas.

1806: Brittanje neem die Kaap weer in besit.

1807: Brittanje skaf slawehandel af.

1809: Die "Hottentot-kode" voer kontrakte vir Khoisan-bediendes in as 'n vorm van beskerming, maar onderwerp hulle ook aan paswette.

1811-1812: Die Vierde Grensoorlog: 'n Groot mag, bestaande uit Britse troepe, Boerekommando's en Khoi-Khoi wat in die Kaapse Regiment dien, verdryf die Xhosas uit die Zuurveld.

1812: Grahamstad en Cradock word gestig.

1818: Ndlambe se magte verslaan dié van Ngqika, die Xhosa-hoofman; koloniale magte snel Ngqika te hulp.

1819-1820: Die Vyfde Grensoorlog begin met 'n aanval op Grahamstad deur Ndlambe se magte, wat byna in hul doel slaag; die koloniale magte dryf die Xhosas terug, en die gebied tussen die Kei- en Keiskammarivier word tot 'n neutrale gebied verklaar waaruit alle Xhosas hulle moet onttrek.

1820: Britse setlaars arriveer.

Vroeë 1820's: Andries Waterboer word die kaptein in Griekwastad en Adam Kok vestig hom in Philippolis; trekboere begin om uit die kolonie te beweeg.

1828: Die Khoisan word van alle beperkinge bevry.

1829: Die Katrivier-nedersetting vir Khoi-Khoi word gestig.

1833: Die Britse regering kondig af dat slawerny in 1834 afgeskaf gaan word en dat vrygestelde slawe 'n inboektyd van vier jaar sal uitdien voordat hulle uiteindelik in Desember 1838 volledig vry sal wees.

1834: Die eerste grensboere, wat later as Voortrekkers bekend sou staan, begin die kolonie verlaat.

1834-1835: Die Sesde Grensoorlog begin met 'n grootskaalse inval van Xhosas onder bevel van Maqoma en Tyhali om verlore grondgebied te herwin.

1835-1838: Die beweging wat later as die Groot Trek bekend sou staan, brei uit.

Inleiding

Suid-Afrika is een van die min wêrelddele waar mense reeds byna twee miljoen jaar lank aaneenlopend woon, en waar die geologie en omgewingstoestand boonop saamgespan het om die bewyse hiervan te bewaar. In Noord-Europa en Asië het gletsers die verhaal van menslike verspreiding vir lang rukke onderbreek; in Australië het mense eers omstreeks 60 000 jaar gelede begin woon; en in die Amerikas het mense maar sowat 14 000 jaar gelede hul intrek geneem.

Moderne mense het geleidelik in die Middel-Steentyd tussen 200 000 en 100 000 jaar gelede ontwikkel – ook in Suid-Afrika. Waar mense in rotsskuilings gewoon het, het hulle lae afsettings agtergelaat. Dié wys hoe sowel patrone van jag en versamel as werktuigtradisies verander het. Van die heel vroegste fossiele van anatomies moderne mense is in Suid-Afrika by Klasiesrivier (115 000 jaar gelede) en Border Cave gekry.

Die mense wat in die Blombos-grot naby Stilbaai gewoon het, het reeds 75 000 jaar gelede patrone op oker gekrap en gate in skulpe gemaak om dit as versierings in te ryg. Dit is van die vroegste gedateerde bewyse ter wêreld van sulke “moderne” gedrag. Afrika se rots- en grotkuns is net so oud soos enige in Europa, hoewel die meeste skilderinge wat vandag nog te siene is waarskynlik in die afgelope 10 000 jaar gemaak is.

Suider-Afrikaanse rotskuns toon fynere besonderhede as rotskuns elders wat ewe oud is, en dit is digter versprei. Suid-Afrikaanse navorsers het etnografiese rekords die afge-

lope 30 jaar vernuwend ingespan, en sielkundige en rituele temas in die skilderinge en graverings uitgelig. Dit het ’n groot invloed op navorsing na rotskuns wêreldwyd gehad.

Omstreeks 2 000 jaar gelede volg groot veranderings in lewenswyse toe golwe immigrante van Wes- en Sentraal-Afrika suidwaarts begin trek, hoofsaaklik weens bevolkingsdruk, maar ook ter wille van handel en op soek na nuwe landbougrond. Hulle het sowel mak diere en gesaaides met hulle saamgebring as kennis van mynbou, pottebakkerij en metaalsmedery.

Net meer as 2 000 jaar gelede het jagter-versamelaars in Botswana mak skape en beeste by die Ystertydmense van Wes- en Sentraal-Afrika oorgeneem. Dié nuwe herders, die Khoi-Khoi, het op hul beurt self suidwaarts getrek, en het die Kaapse kus sowat 2 000 jaar gelede bereik.

In ongeveer dieselfde tyd het die eerste Bantoesprekende Ystertydmense suid van die Limpopo begin woon en vinnig tot in die oostelike helfte van die land beweeg, met sy somerreënwat wat nodig was vir hul trosgras- en sorghum-gewasse. Teen 400 n.C. was hulle in KwaZulu-Natal, en teen 600 n.C. in die Oos-Kaap.

Ystertydmense langs die Limpopo by Mapungubwe het glaskrale van Indië en porselein van China en katoentekstiele geruil vir goud, ivoor en huide. Met hul groeiende welvaart het hulle die eerste koninkryk in Suider-Afrika geskep, waar rituele leiers van die gewone burgers onderskei is.

Sowel Khoi-Khoi-herders as Ystertyd-boere het met die inheemse San-jagter-versamelaars te doene gekry. Die San se leefwyse, beskouings en selfs hul rotskunstradisie het mettertyd verander soos hulle met herder- en boeregemeenskappe in die noorde en weste van die land vermeng geraak het.

Toe 90 Europese werknemers van ’n Nederlandse maatskappy in 1652 ’n verversingspos aan die Kaap kom stig, het sowat 75 000 Khoi-Khoi en San verspreid in die gebied gewoon. Die kolonie is op slawe- en Khoi-Khoi-arbeid gegrond, en die oortollige wit bevolking moes noodgedwonge dieper die binneland in. Die Europese verowering en koloniserings het aanvanklik sonder veel bloedvergieting plaasgevind, maar teen 1770 het wit veeboere sterk weerstand van die suidelike Nguni in die ooste en Khoisan in die noordooste begin ondervind.

Teen 1838 het die Britte, wat die Kaap aanvanklik in 1795 en weer meer permanent in 1806 beset het, rassediskriminasie en gedwonge arbeid – ook slawerny – afgeskaf. ’n Gemengde bevolking (sowat 70 000 van meestal Europese afstamming en 80 000 van meestal slawe-, vryswart en Khoisan-afstamming) moes ’n werkbare en billike gemeenskap sonder slawerny begin bou. Op hierdie punt verlaat ongeveer 6 000 Nederlands- en Afrikaanssprekende boere die kolonie en trek die binneland in – ’n verwikkeling wat die geskiedenis van Suid-Afrika ingrypend sou verander.